Nuusbrief van die Weskus Distriksmunisipaliteit
Newsletter of the West Coast District Municipality
Julie 2014 • July 2014

022 433 8400 • Faks: 086 692 6113 • www. Westcoastdm.co.za • 58 Long Street/ Langstraat 58 Moorreesburg 7310

Groot planne vir Weskus

Die Weskus Ekonomiese Ontwikkelingsforum het onlangs op Ganzekraal vakansie oord, aan die Weskus, vergader om die afgelope paar maande se vordering in oënskou te neem en die pad vorentoe te bespreek. Die forum is ’n paar maande gelede in die lewe geroep om na moontlike ekonomiese ontwikkeling aan die Weskus te kyk.

By dié geleentheid is daar ook oor struikelblokke in die pad van ontwikkeling gesels, sowel as moontlike maniere om dit die hoof te bied. Verskillende rolspelers, waaronder die Wes-Kaapse Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme, plaaslike sakelui en gemeenskapsleiers, het die vergadering bygewoon.
Mnr Johan Vorster, voorsitter van die forum, het die vier groot projekte waaraan hulle tans aandag skenk, uitgelig: “Die forum is tans betrokke by die waterboerdery in die Matzikama-omgewing, die opleiding van ambagsmanne aan die Weskus, die herwinning en berging van afvalmateriaal, en die ontwikkeling van bestaande nywerhede.”

Mnr Lionel Phillips, die beampte belas met die geïntegreerde ontwikkelingsplan by Matzikama munisipaliteit, het in sy voorlegging gesê die waterboerderyprojek het dermate uitgebrei dat die munisipaliteit dit binnekort nie meer sal kan bestuur nie. Daarom sou hulle later in die week ’n voorlegging aan die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye doen om die projek na ’n hoër gesag te verwys. Die Minister sou dit op sy beurt onder die President se aandag bring met die oog op moontlike staatshulp.

Die projek het baie positiewe besprekings en voorstelle uitgelok. Een van die voorstelle was dat die ontwikkeling van ander vis- en varswaterkreefboerderye ondersoek moet word. Volgens Phillips het ’n studie deur ’n span

Lede van die Forum luister aandagtig na die bydrae van mnr Johan Vorster tydens die vergadering op Ganzekraal-vakansie oord.

Noorweegse navorsers juis getoon dat die see by Doringbaai dalk geskik is vir moontlike salmboerdery. Die gebrek aan vaardighede onder die inwoners van die Weskus-streek is as een van die grootste struikelblokke uitgelig. Amptenare van die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme het in hulle voorlegging getoon dat die provinsiale regering iets daadwerklik hieraan wil doen. Volgens mnr Tony Vaughn van die departement is hulle voornemens om in die eerste fase van ’n vaardigheidsontwikkelingsprojek nagenoeg 1 000 jeugdiges van oor die hele streek te werf. Die jeugdiges sal 12 weke se intensiewe opleiding in verskillende ambagte aan die Weskus Kollege ontvang. Ongelukkig het logistieke kwessies die aanvang van die werwingsproses vertraag.

Bestaande ondernemings in die omgewing ondervind ook ander probleme, waaronder kragonderbrekings (beurtkrag), die toestand van paaie en afvalverwydering. Me Hillary Morris van die Streekstoerisme-organisasie (STO) het boonop gevra dat die instelling van ’n treinroete langs die Weskus opnuut ondersoek word.

Leierskap onder die loep geneem

"Goeie leierskap is vir almal, nie net vir leiers nie. Dit gaan hand aan hand met goeie bestuur. Die een is nie méér as die ander nie." Dít is die siening van prof Erwin Schwella, dosent aan die Skool vir Publieke Leierskap van die Universiteit Stellenbosch. Prof Schwella was die gasspreker by die kwartaalvergadering van die groter bestuur van Weskus Distriksmunisipaliteit, wat onlangs op Ganzekraal vakansie oord gehou is.

Hy het met die munisipale amptenare gepraat oor wat "goeie leierskap" behels, en hulle gewys hoe om sekere leierskapsbeginsels in hul werksomgewing toe te pas om beter dienslewering en goeie werksverhoudings teweeg te bring.

"Leierskap gaan oor jou rol; oor hoe jy mense oortuig. 'n Leier moet verskillende rolle kan vertolk – rolle soos dié van onderhandelaar, vredestigter, motiveerder en talle ander. Jou verhouding en verantwoordelikheid moet doeltreffend bestuur word." Schwella het sy gedagtes visueel gedemonstreer met behulp van 'n grafiese voorstelling wat hy deur die jare saamgestel het.
"Leierskap het te make met hoe die individu in 'n span optree om ander te inspireer. Die leier moet vertroue skep sodat die span gemeenskaplike doelwitte kan bereik," het hy gesê.

Hy het die amptenare daarop gewys dat die kwartaalvergadering 'n goeie instelling is wat aan die vereistes van goeie leierskap voldoen. "Ons moet gereeld terugkyk op wat gebeur het, en ook vorentoe om te bepaal hoe ons moet voortgaan. Die einddoel van die kwartaalvergaderings moet wees om vas te stel hoe die munisipaliteit as 'n stelsel moet vorentoe beweeg."
Schwella het ook heelwat klem gelê op die praktiese waarde van leer. Hy het veral die amptenare gemaan om nie elke keer 'n sondebok te soek indien iets nie volgens plan verloop nie, maar om eerder ondersoekende en opbouende vrae te stel.

Senior beamptes by die Weskus Distriksmunisipaliteit saam met prof. Erwin Schwella, middel voor, wat die groepie kom toespreek het oor "goeie leierskap".

Lang diens beloon

Mnr Robert Joubert het die Weskus Distriksmunisipaliteit aan die einde van Junie 2014, na 31 jaar van diens, amptelik verlaat. Tydens die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering in die betrokke maand het die Raad en beamptes van hom afskeid geneem. Uitvoerende burgemeester van die Weskus, raadslid Harold Cleophas het hom geloof vir sy getroue bydrae deur die jare.

"Dankie vir jou lojaliteit, vir jou dienste en dat jy altyd die munisipaliteit op die hande gedra het." 'n Sertifikaat vir lang- en getroue diens is aan hom oorhandig. Hier staan die munisipale bestuurder mnr Henry Prins, mnr Joubert en burgemeester Cleophas.

INDABA 2014 10-12 MAY 2014

'n Groepie van Weskus se verteenwoordigers by die Toerisme Indaba vroeër vanjaar in Durban.

Voor staan mnr Henry Prins (munisipale bestuurder WKDM), raadslid Marius Koen en Gurshell Abrahams van Toerisme. Die twee jongelinge in die voorste ry is deel van die Betjie van Betjiesfontein se dansgroep, wat tydens die Indaba opgetree het.

INDABA is one of the largest tourism marketing events on the African calendar and one of the top three must visit events of its kind on the global calendar.

It showcases the widest variety of Southern Africa's best tourism products, and attracts international visitors and media from across the world. INDABA is owned by South African Tourism and organised by Pure Grit Project and Exhibitions Management (Pty) Ltd.

Exhibitor categories include accommodation, tour operators, transport, game lodges, and online travel and industry associations. Outdoor exhibitors include transport, camping and safaris companies.

For the 3rd year running Cape West Coast Tourism exhibited on the Cape Town and Western Cape Stand. Sharing exhibitors on the 30m² booked by Cape West Coast Tourism included a mix of Tourism products and services. These sharing exhibitors were Brainwave Projects 2501, !Khwa ttu, West Coast Peninsula Tourism, Anix Consulting Donkey Cart Route and the Betjies of Betjiesfontein Primary who entertained the crowd with their Rieldans.

There were less buyers and exhibitors than in 2013, but the TECHZONE was a phenomenal addition to Indaba 2014 and helped our fellow exhibitors to get tech savvy. With a significant movement away from the traditional ways of marketing to social media and technology.
The Cape Town and Western Cape Stand was awarded Gold based on aesthetics, brand presence, innovation, design, sustainability, energy and interaction. A word of gratitude to all who contributed to making Indaba 2014 a huge success, plans are in motion to take Indaba 2015 to an even higher level.

Hierdie spannetjie van sosiale ontwikkeling by die Weskus Distriksmunisipaliteit het hulle 67 minute van gemeenskapsdiens op 18 Julie of Mandela Dag by die Radie Kotze-hospitaal gedoen. Hier het hulle saam met uitvoerende burgemeester raadslid Harold Cleophas, gehelp om pakkies aan pasiënte te oorhandig. Daarna het die groepie onder leiding van mnr Christopher Adams die nooddienste se beddens gewas. Ook die sale se vensters en vloere het onder die groepie se vlytigheid deurgeloop.

V.l.n.r. Evette Louw, Christopher Adams (Stompie), Nizanne Januarie, Patrick Cornett, Bennet Nondala, Melonice Blanckenberg en uitvoerende burgemeester, raadslid Harold Cleophas.

Goue Oue-spele skop op luisterryke wyse af

'n Deel van die nagenoeg 700 deelnemers wat tydens die gala-geleentheid die opening van die Goue Oue-spele op Piketberg bygewoon het. Die groot groep deelnemers het van oor die hele Weskus gekom om die geleentheid by te woon.

Die Goue Oue-spele op Piketberg was vanjaar weer 'n hoogtepunt in die lewens van ons senior burgers. Hier is van die deelnemers besig om deel te neem aan die Dressing Up, waar 'n groot baadjie, skoene en kouse aangetrek word, voordat daar rieme neergelê word, wenpaal toe.

Die jaarlikse Goue Oue-spele aan die Weskus het op Dinsdag 15 Julie 2014 op luisterryke wyse in 'n reuse markiestent op Piketberg se krieketveld afgeskop. Nagenoeg 700 senior burgers van oor die hele Weskus-streek het vir twee dae op die dorp saamgetrek om aan verskillende sport-items deel te neem.

Die verrigtinge het die middag afgeskop met 'n gala-geleentheid, wat deur verskillende burgemeesters van die omgewing sowel as amptenare van die Wes-Kaapse departemente van Sport en Maatskaplike Ontwikkeling bygewoon is. Burgemeester Evert Manuel van Bergrivier Munisipaliteit, wat vanjaar as gasheer opgetree het, het die deelnemers welkom geheet.

Raadslid Harold Cleophas, uitvoerende burgemeester van Weskus Distriksmunisipaliteit, het met sy spreekbeurt gesê die munisipaliteite wat by die spele betrokke is, skep dié geleentheid om dankie te sê vir en erkenning te gee aan senior burgers se bydrae in hul onderskeie gemeenskappe, dorpe én die land. "U stap nie alleen nie, ons stap die pad saam met u," het hy gesê.

Burgemeester Manuel het deelnemers sterkte toegewens met die volgende dag se deelname. "U inspireer ons, en u is almal reeds wenners." Burgemeester Francois Schippers van Saldanhabaai het deelnemers op sy beurt gevra om in hulle onderskeie gemeenskappe betrokke te bly. "Wees die kern van die familie en bly die raadgewers in die huis en op die dorp."

Kaptein Dirk van Reenen van die Vredenburgse polisiestasie het van die geleentheid gebruik gemaak om enkele veiligheidswenke aan die senior burgers oor te dra. Hy het die deelnemers veral gemaan om versigtig te wees met hulle pensioen- (SASSA-) kaarte en nie sommer enigeen met hul geldsake te vertrou nie. Die senior burgers is ook gewaarsku om telefoonboodskappe dat hulle kwansuis geld gewen het, te ignoreer. "Meld enige misdaad aan, al is die oortreder ook u eie kind. Wees waaksaam, want die misdadigers is tussen u."

10177
022 433 8700

Is die NOODNOMMER vir die Brandweer- en Mediese Dienste binne die Weskus Distrik
Is the EMERGENCY number for the Fire and Emergency Services within the West Coast District
Yinombolo yoncedo kumasebe Ezomlilo Nokugula kwisiThili sase West Coast.